Pretoria- 23 Junie 2013

Skriflesing: 1 Thessalonicense 5:1-28

Teks: **1 Thessalonicense 5: 9,16 - 22**

Sing- Ps. 66:1,4; Ps. 86:8; Ps. 31:1,3,5 Ps. 100:1,2,3

1 Thessalonicense 5:1 - 28

1Th 5:1 Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie;
1Th 5:2 want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.
1Th 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.
1Th 5:4 Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.
1Th 5:5 Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.
1Th 5:6 Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.
1Th 5:7 Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk.
1Th 5:8 Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.
1Th 5:9 Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus
1Th 5:10 wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe.
1Th 5:11 Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.

1Th 5:12 Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan;
1Th 5:13 en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar.
1Th 5:14 En ons versoek julle, broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal.
1Th 5:15 Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie; maar jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal.
1Th 5:16 Wees altyddeur bly.
1Th 5:17 Bid sonder ophou.
1Th 5:18 Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.
1Th 5:19 Blus die Gees nie uit nie.
1Th 5:20 Verag die profesieë nie.
1Th 5:21 Beproef alle dinge; behou die goeie.
1Th 5:22 Onthou julle van elke vorm van kwaad.
1Th 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!
1Th 5:24 Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen.
1Th 5:25 Broeders, bid vir ons.
1Th 5:26 Groet die broeders almal met 'n heilige kus.
1Th 5:27 Ek besweer julle by die Here dat hierdie brief aan al die heilige broeders voorgelees word.
1Th 5:28 Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen.

Skriflesing: 1 Thessalonicense 5:1-28
Teks: **1 Thessalonicense 5: 9, 18b-22**
Sing- Ps. 66:1,4; Ps. 86:8; Ps. 31:1,3,5 Ps. 100:1,2,3

Broeder en suster- Hierdie oudste brief, Paulus se eerste brief wat hy ooit aan 'n gemeente geskryf het, het ons die laaste klompie verse vanoggend gelees. 'n Groot deel van die afgelope kwartaal was ons deel van die skrywe wat die Here deur Paulus vir sy gemeente in Thessalonika op 'n besondere wyse aan ons bekend gemaak het, wat verwag Hy, die Here van sy Kerk. Die kerk in hierdie stad was besonders, soos elke gemeente van die Here. Elke hoofstuk van hierdie brief wys op die mooi dinge wat God in sy Kerk doen maar het ons ook agtergekom hier is dinge wat in die geloof kortkom. Paulus wil deur die brief *voltooi wat in hulle geloof ontbreek* (1 Thess.3:10). U sal onthou hierdie oudste brief van Paulus het 'n deurlopende tema nl. dat Jesus wéér gaan kom. Die groot tema nl. die wederkoms van die Here is nie maar iets wat eendag gaan gebeur en dan moet ons daarop voorberei wees nie. Ons moet dit anders sien.

Ons dink aan ons geliefdes wat gesterf het en besef die feit dat Jesus weer gaan kom maak dat ek nie treur... *soos die ander wat geen hoop het nie* (1 Thess4:13). Verlede Sondag was ons gestel duskant die graf met die lewe voor die dood wat op baie maniere 'n dodelike lewe kan wees. 'n Lewe ingedeel in periodes en keerpunte, dit gaan oor tye en geleenthede waarin ons lewe. Ons het gesê dat Paulus sluit hierdie brief af met 'n greep op die lewe. Daardie geweldige verskil wat ons as mense van die lig, mense van die dag, nugtere, wakker mense in hierdie wêreld moet maak. Daarom het Paulus die Here se kerk weer die uitsondering gemaak – *Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees...*Die borswapen van geloof en liefde, ek moet my hart beskerm, ek moet in liefde die lig van God se Woord uitdra, ook moet ek met 'n skoon kop, nugter hierdie lewe ingaan. Op ons koppe dra ons die helm wat dien as *hoop op die saligheid...*

***

Ons sou sou nog so baie hierop kon uitbrei waar dit gaan oor 'n greep op die lewe maar daar moet ook balans in die lewe wees. Ja, dit wil voorkom asof Paulus hierdie eerste brief afsluit met sulke kort sinne maar wat in alles die balans van die lewe en die greep op die lewe in baie duidelike kort sinne en bevele kan weergee. Ons moet nie paniekerig raak nie, met angs en vrees die toekoms ingaan nie. Bekyk alles nugter vanuit God se Woord en bou mekaar op en bemoedig mekaar en moet mekaar nie in die grond inpraat van hoe sleg alles is en hoe sleg

dit nog gaan word nie. Ja, die duistere magte, die antichriste hulle is daar, daaroor skryf Paulus nog weer 'n tweede brief aan die gemeente waar hy in nog meer besonderhede wys op die antichris, hoe hy in die wêreld aan die werk is, maar hy het nie vrye teuels nie. Die antichris word teruggehou want Satan is nie los nie. Die duiwel kan nie maar net maak wat hy wil nie. Op.20 sê aan ons dat die duiwel gebind is.

Tog al is daar iets soos 'n padblokkade vir die duiwel, dit wat die antichris voorkeer en teëhou, is daar sy finale verskyning. Wanneer, waar en hoe, dit moet ons weer nie oor bespiegel nie. So min soos wat ons oor die dag en datum van die wederkoms moet bespiegel. Weet net dat in die meer word van baie antichristelike magte in die wêreld, ja die magte van die antichris word meer, op die einde sal daar 'n persoon op die wêreldtoneel wees, wat dan sal uitblink as die finale, as die werklike antichris wat in persoon op die wêreldtoneel sal verskyn. 2 Thessalonicense 2:8-10 brei breedvoerig hierop uit. Hoe hy as persoon geen wette sal respekteer nie. Hoe mense hom sal aanhang en as imponerende mens sal die massas hom ophemel. In Jesus se profetiese rede word hy aangedui dat sy koms wetteloosheid sal wees (die Afrikaanse vertaling praat van die ongeregtigheid van sy koms...) waar die ongeregtigheid sal vermeerder en die liefde sal verkoel (Matt.24:12)- Dit is belangrik dat ons mooi hoor wat Jesus sê: Matt. 24:10-13- ***10*** *En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.* ***11*** *En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.* ***12*** *En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.* ***13*** *Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.* Hieroor sou ons nog baie kon sê, ja soos genoem Paulus se tweede Thessalonicense brief gaan breedvoerig hierop in, maar hoe wonderlik om vandag as ons die laaste deel van die eerste brief lees, te besef ons fokus en ons greep en ons balans in die lewe word nie deur die duiwel en die antichris en sy magte bepaal nie.

***

Dit word bepaal deur wat Paulus vir hierdie kerk van die Here kon sê dat die dinge waarvoor God ons bestem het, is om *die saligheid te verkry deur ons Here Jesus Christus*. Dit gaan oor waarvoor God ons bestem het en dit wat God se wil vir ons lewe is. So koppel ons teksverse ook aanmekaar. Vers 9 dit waarvoor God ons bestem het... vers 18 dit wat God se wil vir ons is. Daar is so baie om voor dankbaar te wees. Die dankbaarheid word voorafgegaan deur altyddeur bly te wees. En sonder ophou te bid. Hier stel Paulus dit egter aan die gemeente nie dat ek net soms bly moet wees, soms moet bid, soms dankbaar moet wees nie, maar al drie doen dit gedurigdeur, sonder ophou. Is dit moontlik?!

Ja, as ons besef die blydskap wat hier ook by ons moet wees, is vanuit die wil van God deur die Heilige Gees bewerk op grond van God se Woord. As dit daaroor gaan dat ek die Gees nie moet uitblus nie, dat ek die profesieë nie moet verag nie, dan doen ek dit ten bate van die blydskap wat ons as gelowiges ontvang het. Een van Paulus se latere briewe, die Filippense brief word ook genoem sy blydskaps-brief. 'n Brief geskryf uit die tronk maar daarin stel hy dit as deurlopende motief, wees bly, wees altyddeur bly... wees bly in die Here.

Dit is nie 'n blydskap wat in die eerste plek met gelag en humor verbind word nie, maar dit is 'n baie diepere vreugde wat diep binne ons gesetel is. Dit gaan oor ware vrede wat daar ná gestreef moet word. Dit het ons ook gelees- *Hou vrede onder mekaar...* Die wat nie na die vrede en blydskap van die Here opsoek is nie, met hulle moet daar in besonder mee gewerk word.... *vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal. Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie; maar jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal.*

Die warmte van die strale van die son word nie geaffekteer deur baie digte wolke wat voor die son saamgepak en daar verbybeweeg nie. Nee, al is daar digte wolke voor die son, aan die son se kant verander dit aan sy hitte niks nie. So moet die blydskap en vrede en orde ook wees. Al is daar donker wolke in my lewe, my gemoed en my gesig wil nie lag nie, maar die blydskap wat in die geloof werk, bly daar. Dit wat Jesus Christus in jou lewe vir jou beteken, daardie blydskap in Christus, dit maak dat ons altyddeur bly kan wees. Om te weet Christus ken my, Hy vergewe my my sonde en weet watter laste ek dra. In Christus kan ons die ware blydskap ervaar.

Dan sal geen van die bittere gebeure en die wêreld se omstandighede my my blydskap beroof nie. Die antichris, die dood, verskriklike vervolginge, verdrukkinge, alles dinge wat Paulus hierna in sy tweede brief van skryf, dit verander nie, om nog steeds *altyddeur bly te wees nie... Waar die Gees nie uitgeblus word nie*, waar die Woord van God nie verag word nie, die profesieë word gesien vir wat dit is, die Woord van God. Ons het ook die gebed van die gelowige met sy kragtigste uitwerking en getuienis voor oë. Dit gaan nie daaroor om aanmekaar gebede op te sê nie, om aanmekaar op jou knieë te wees nie, daarteen waarsku die Here ons ook. Daar moet gewerk en gebid word. As ons bid dan moet ons bid asof alles van die Here afhang, as ons werk, dan moet ons werk asof alles van ons afhang. So moet die balans tussen bid en werk wees. Ja, weereens 'n bevestiging dat vir Paulus gaan dit oor die

greep wat ons op die lewe moet hê maar ook oor die balans wat daar in ons lewens moet wees. Ons gebed moet nie 'n ydele herhaling van woorde wees nie, maar staan dit ook in Rom 12:12- ***12*** *verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.*

As die Here deur Paulus ons beveel- *Bid sonder ophou...* dan kan ons dit doen. Jou voete kan vas wees, jou hande kan dalk nie meer vat nie, daar is tye wat ek selfs nie kan praat nie, maar dit wat in Ef.6:18 staan dit word hier in 1 Thessalonicense 5 ook bedoel- **...** *terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges...* As daar in vers 12 in besonder met die voorgangers in die gemeente gepraat word dan moet hulle werklik as voorbeeld dien in alles wat tot aan die einde van die brief staan, want dan eer ons hulle. Hulle wat ons mag vermaan, want moet die Gees van God deur hulle werk.

Dit alles terwyl ons weet in die tyd net na Pinkster toe die Heilige Gees uitgestort is, was die mense wat uit alle rigtings daar in Jerusalem bymekaar was, verbaas dat hulle verskillende tale hoor, maar tog verstaan hulle mekaar. Hulle kon die apostels elk in sy eie taal hoor spreek. Die Gees was dadelik en voluit aan die werk. Dit het meermale en op meer plekke gebeur. In 1 Kor. 14 dan is Paulus ten volle op hoogte van mense wat deur die Gees werk, mense wat nog weer in tale kan spreek. Dit het vir 'n hele tyd lank gebeur, maar het daar tog iets van 'n tweevoudige werking al sterker begin deurkom. Die een wat in tale spreek, deur die Gees, die ander wat heel gewoon in eenvoudige woorde spreek, wat gewoon verstaanbare klanke voortbring. Eenkant die wat die Gees nie mag uitgeblus het nie, aan die ander kant die profesieë word al meer en duideliker en al hoe meer verstaanbaar verkondig. Dit gebeur ook deur die Heilige Gees.

Wat die eerste gawe betref waar die Gees vir 'n tyd lank, toe die Woord nog maar min te vinde was, God het sy boodskap gelyk en kragtig op baie plekke moes laat hoor, toe het die spreek in tale baie beteken. Die Here het dit as gawe vir sy kerk in daardie eerste tyd na Pinkster wou gee. Nou weet ons soos wat die profetiese woord al meer inslag kon vind, waar die Gees in al hoe meer opsigte Hom nie aan tonge bind nie, maar aan God se Woord wou bind, so het die spreek in tale al minder en minder begin voorkom.

Daarom as Paulus hier vir die Thessalonicense sê – *Blus die Gees nie uit nie...* dan was die spreek in tale nog deel van die vuur van die Gees, maar die balans het al duideliker begin oorskuif dat die Woord van God nou al hóé méér gaan word, waarom dit gaan. Dit waaraan die Gees gebind wil wees. Paulus waarsku na hierdie brief later al meer teen die misbruik van die gawes. Vir die Korintiërs moet vyf verstaanbare woorde baie meer werd wees, as duisende woorde wat in spreek in tale mee gespog kan word, maar daar is niemand om dit uit te lê nie.

Hoe tragies, Paulus sien dit so duidelik raak, dat die mens so maklik God se gawes kan misbruik en dat die Woord van die Here, die profesieë verag word. Wie die Woord wat verstaan kan word, minag is in werklikheid besig om die Gees te wil uitblus. Ja, die gedagte van uitblus spring direk terug na Pinkster toe die Gees soos vlamme van vuur op die mense gaan sit het en Jesus wat praat van Hy doop met die Heilige Gees en met vuur, dan kom die gedagte van uitblus soos ek 'n lamp of vuur kan uitblus daarop terug. Ons moet wil deel hê aan die werk van die Gees deur juis nou in die Woord van God te doen wat ons in die begin van die preek gesê het.

Daarom is ons altyd bly, bid met jou lewe, bid vanuit die profesieë, vanuit God se Woord, dat ons werklik na die Woord sal luister en die voorgangers die Woord reg sal verkondig. Dan sal ek na hulle vermaning wil luister, want dit is nie hulle wat praat nie, dit is God wat sy Gees nie laat uitblus nie. God wil deur sy voorgangers werk, dan erken ons ook hulle werk met liefde en die hoogste agting. So word ons al dieper en groter dinge in die profesieë duidelik gemaak. Dit juis vanweë die feit dat ons dit nie verag nie.

Inteendeel baie dinge sal in die Woord na vore begin kom, wat my later tot in my hele lewe sal laat besef ek kan baie dinge toets. Dit aan die hand van die Woord. Ja, Paulus laat die uitdrukking in vers 21 van... *Beproef alle dinge...* beslis nie as 'n vrypas vir die mens nie, maar in wat God se Woord gesê word en hoe die profesieë verkondig word, daarin moet ek myself en so ook alles toets. In alles wat die Woord sê- ja of die voorgangers werklik die Woord reg uitlê. Beproef hulle daarin... dit is waaroor daardie *beproef alle dinge; behou die goeie* oor handel. Dit is beslis nie 'n ingangskaartjie om in jou lewe jouself aan alle dinge bloot te stel en nou maar op die harde manier te moet agterkom wat is goed en wat is nie goed nie. So werk God nie met ons nie en sal Hy ons nie aan onsself wil oorlaat nie.

Luister, toets wat reg is want vers 22 het in alle geval die maatstaf klaar neergelê. Moet nie enige vorm van kwaad naby jou toelaat nie. Nie nou nie, nie later nie. Dit gaan nie net om die verwerping van die valse profesieë nie, maar dit gaan om daardie derde kort sin... *Wees altyddeur bly... bid sonder ophou...* en die derde een- *Wees in alles dankbaar...* Dit gaan met die Gees, met die Woord met die gebede saam. Hoe meer 'n mens deur die Gees God se Woord lees, hoe meer 'n mens bid, hoe kleiner word jy in jou eie oë en hoe groter word jou dankbaarheid. Ja, die woord dankbaar het in sy Hebreeuse vorm die stam wat ons eenvoudig kan vertaal van JY MOET DINK. Ek moet nadink, dankbaarheid begin in wat ek besef God vir my gegee het.

Weer is daar ook 'n balans, ja kry 'n greep op die lewe en kry 'n balans in die lewe, is wat ons heeltyd opval. Bid en werk...hier nou weer dink en doen.... Dankbaarheid moet aan ons denke verbonde wees, maar ook aan ons hande. Die dinge wat ons moet doen. Dankbaarheid gaan oor dink en doen.

So sluit ons dan hierdie brief af wat aan die einde van die kwartaal ons gebring het by die besef van watter rykdom het ons reeds ontvang. God maak dit vir ons moontlik om dankbaar te wees. Ja, as hierdie eerste en oudste brief wat Paulus ooit aan 'n gemeente geskryf het, afgesluit word dan gaan dit nog weer oor die mooi dinge wat Paulus in die gemeente meegevoer het. Hoe die God van vrede vir hulle volkome heilig moet maak. Ja, dit kan nie mooier nie. Daarvoor het God ons bestem, ja sy kinders heeltemal in lyn met wat die leer oor die uitverkiesing ons leer, God sien sy kinders as hulle wat Hy wil bemin... u onthou hoe pragtig God na sy kinders verwys... as sy bemindes... nou sluit die brief af, jy is uitverkies maar jy word geroep.... aanhoudend geroep. Vers 24- *Hy wat roep is getrou...Hy sal dit ook doen...*Hy sal doen wat in vers 23 voluit staan. Hy sal ons gees en ons siel en ons liggaam geheel en al, onberispelik bewaar en dit tot by die wederkoms van Jesus Christus. So sluit elke hoofstuk van hierdie brief af rondom die wederkoms van Jesus Christus. Ja, tot daardie dag- wees altyd bly, bid sonder ophou, wees dankbaar, blus die Gees nie uit nie, verag die profesieë nie.

AMEN